Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.



eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/-sx1QTd5VXk

Nuus vir die week

Sondag 1 November:

- Daar is Sondag **drie** eredienste: 08:30, 10:00 en 18:00. Die oggenderedienste word gelei deur ds. Marcel Floor en die aanddiens deur dr. Rassie Smit.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Sondag 8 November:

Daar is Sondag 8 November slegs een gesamentlike erediens om 08:30. Na afloop van die erediens hou ons gemeentevergadering.

Aanderedienste @ WPR

Sluit Sondag 1 en 8 November by ons aan vir die aanddiens om 18:00. Dit gaan ingeklee word met Geesvervulde lofprysing, interaktiewe boodskappe, saam kuier en lekker koffie, alles binne ‘n informele, ontspanne atmosfeer in ons nuwe Kuierarea.

Impak Koffie sal tot 17:45 daar wees, so kom lekker vroeg en kuier saam!

Preekrooster:

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Emma Riek wat in hoësorg opgeneem is nadat sy ‘n beroerte gehad het.
- Japie Minnaar wat in die Intensiewe eenheid opgeneem is.
- Hannes du Preez wat tans in die Intensiewe eenheid is.
- Lilla du Preez wat ‘n heupvervanging gehad het. Sy sterk tuis aan.
- Wimpie Lloyd & van Roland van Leeuwen is tuis maar is baie siek.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Al die jongmense (en hul families) wat tydens die 08:30 erediens belydenis van hulle geloof aflê.
- Charl en Andrea du Plessis wat tydens die 10:00 erediens vir Burgert laat doop.
- Kota en Melissa Cloete wat tydens die 10:00 erediens vir Abigail laat doop.

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Kontak die kerkkantoor:

Finansiële stand van die gemeente

Baie dankie aan almal wat gereageer het op die groot finansiële uitdaging wat die gemeente in Mei 2026 in die gesig gestaar het.

In die onderstaande grafiek kan hierdie groot impak wat reeds gemaak is deur die lidmate gesien word, deurdat die bedryf tekort amper uitgewis is. Aan God al die eer.

Hier is nou so ’n eenvoudige grafiek vir die doel:



Hier bo word twee sake uitgebeeld:
1) Die Blou staaf: Dit dui aan hoe die kumulatiewe groei besig is om plaas te vind tussen die werklike inkomstes en dit wat begroot was tot op daardie stadium van die maande.
Na 9 maande is die verskil nou op R559 546 minder as wat begroot is. (Die hoofrede is maar nog steeds die huidige onderspandering by verkillende begrotings poste.)
2) Die Oranje staaf: Dit dui aan waar staan die verskil tussen die bedryf uitgawes en die inkomstes, wat dan ’n surplus of ’n tekort sal aandui.

In hierdie geval is dit tans nog ’n tekort wat nou na 9 maande staan op ’n bedrag van R62 558. (R45 143 minder as wat verlede maand gerapporteer was.)

GKSA Almanak



Die GKSA Almanak 2027 kan tot 2 November by Esmé bestel word.

Plaas R140 in ‘n koevert waarop jou naam, van & ‘GKSA Almanak’ staan in die liefde-gawesakkie by die deure **OF**
Betaal R140 oor na Geref Kerk Wapadrant, ABSA tjek 3490151957. Gebruik asb. die verwysing: Naam+Van+Almanak.

Ons maak impak

Omgewing en sosiale impak: Boneprojek

Hoe vorder jou bone? Dit behoort nou al ‘n paar blare aan te hê.

Ons wil mekaar graag ondersteun. Sluit gerus aan by die BosboonBoere WhatsApp-groep. Kontak die kerkkantoor om by die groep aan te sluit, of volg die skakel (slegs indien jy die eNuus op jou selfoon lees.)
https://chat.whatsapp.com/DD6FRrNV7uVJApS95VApHf?s=sh&p=a&mlu=4&ilr=4&iam=0

Omgewingsimpak: Groei vir Christus

Ons groei vir Christus tuinkompetisie is ‘n wonderlike geleentheid om hier op ons eie terrein ‘n impak te maak vir ons Koning. Van ons oulike groen vingers het al klaar pragtige beddings gemaak. Moet nie die geleentheid mis loop nie. Daar is nog net ‘n paar beddings beskikbaar. Kontak Cobus sommer direk na die diens by 082 578 1919.

Jeugbediening

Jeuggroepe registrasie vir 2027:

Registrasie vir Jeuggroepe vind reeds op 15 en 22 November in die Kuierarea plaas.

Kinders wat reeds vanjaar geregistreer was, se inligting hoef slegs gekontroleer te word. Vir hierdie doel, word inligting per gesinshoof gesorteer. Dit beteken dat al die kinders in die gesin op een bladsy gelys word. Ouers van kleuters, graad 1's (in 2027) sowel as alle nuwe intrekkers moet asb. 'n registrasievorm voltooi.

Laerskoolkamp in Januarie 2027:

Skud solank julle vere reg - die Laerskooljeug gaan kamp! Die kamp vind van 29 tot 31 Januarie plaas by Die Hoekie-kampterrein net buite Pretoria. *Extreme Life* bied verskeie avontuur-aktiwiteite aan.
Die koste beloop R700 per persoon en 'n deposito van R200 is betaalbaar teen 15 Desember 2026. Ouers, boeties, sussies en maats is welkom om saam te kom.

Skandeer die QR-kode of volg die skakel om jou plek te bespreek:
https://forms.gle/6e8gPbqf4Qr7sLvVA

Jeugbediening in 2027:

Die Kerkraad het die nuwe inisiatiewe wat vanaf 2027 implementeer word, goedgekeur:

- Dat die Laerskooljeug (Gr. 1 tot 6) Sondae in die skool kwartale ook tydens, of in dieselfde tydgleuf as die eerste erediens, sal vergader in hulle onderskeie lokale.
- Tydens hierdie byeenkomste sal hulle eers in twee afsonderlike “Groot Groepe”, (onderskeidelik Gr. 1 -3 en Gr. 4-6), bymekaar kom om die eerste helfte van die byeenkoms te doen, wat o.a. sal bestaan uit lofprysing, omgee en vierings, ’n spesifieke les wat uitgewerk word vir grootgroep aanbieding en kollektes. Hulle sal daarna in hulle kleiner groepe verdeel vir verdere vaslegging van die les.
- Die tieners (Gr. 7-11), woon Sondae in skoolkwartale steeds die volwasse eredienste by en woon hulle jeuggroepe tussen die eredienste by - soos tans die gebruik is.

Uit en Tuis

Mannebybelstudie:

Die Mannebybelstudie is besig om die ‘Gatfly’ lesings deur te werk. Hulle het reeds lesing 1 deurgewerk en daar is nog 4 lesings oor. Kontak vir dr Peet (082 336 8465) indien jy by hulle wil aansluit. Hulle kom Maandae 19:00 in lokaal 5 bymekaar.

Skandeer die QR-kode vir meer inligting.

Barista Dienswerkspan:

Word deel van ons dinamiese baristas! Volledige opleiding word verskaf. Gesess vandag nog met Hanlie (0826651048) of ds. Marcel (0828285811).

Kers & Fees:

'n Aand van kuier, eet en saamsing. Bring jou gesin, familie, bure en vriende en geniet ‘n kersfeestelike aand saam met Helenè Bester en Hoërskool Waterkloof Jazz Ensemble. Kaartjies is binnekort in die saal en aanlyn beskikbaar.

G’s Fees:

Vanjaar wil ons aan elk van die 56 kinders van Kameelfontein ‘n rugsak en ‘n verassingsboks gee. In die portaal is skeurstrokies met die kinders se besonderhede. Skryf asb. jou naam op die vorm en skeur die kind se strokie af. Vul ‘n skoenboks met bederf-items ter waarde van R250 en draai dit toe met feestelike papier.

Jy kan ook ‘n koevertjie neem en ‘n donasie daarin plaas. Elke sent help. Plak die gevulde koevert toe en plaas dit in die swart boks in die portaal.

29 November is die eerste Sondag van **advent** en ons vier **G’s fees** en **Kersliedfees**! Almal trek wit aan. Bring jou boks kerk toe en plaas dit op die groot “G” in die portaal.

Na afloop van die diens kuier ons saam in die Kuierarea! Bring asb. ‘n bordjie hand-eetgoed in ‘n wegdoenbare houer en laat dit in die saal.

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind. Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor